

## Die Christelike leefwyse



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Romeine 14–16.

#### Geheeteks:

“Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word” (*Rom. 14:10*).

**O**ns doen hierdie week die laaste deel van ons studie oor Romeine, die boek waaruit die Protestantse Hervorming gebore was – die boek wat meer as enige ander een inderdaad vir ons wys hoekom ons Protestante is en hoekom ons dit moet bly. As Protestante, en veral as Sewendedag-Adventiste, hou ons by die beginsel van Sola Scriptura, die Bybel alleen, die standaard van ons geloof. En dit is van die Bybel wat ons dieselfde waarheid geleer het wat ons geestelike voorvader eeuë gelede aangespoor het om van Rome weg te breek – wat die groot waarheid van verlossing deur geloof alleen bevat, ‘n waarheid wat so kragtig in Paulus se briewe aan die Romeine uitgelig word. ‘n Goeie opsomming daarvan is miskien die heidense tronkbewaarder se vraag, “... wat moet ek doen om gered te word?” (*Hand. 16:30*) In Romeine vind ons die antwoord op daardie vraag – en die antwoord was nie deur die kerk in Luther se tyd gegee nie. Daarom het die Hervorming begin, en nou is ons hier vandag. In hierdie laaste gedeelte skryf Paulus oor ander onderwerpe wat nie die middelpunt van die hooftema is nie, maar tog belangrik genoeg is om in die brief ingesluit te word. Dus vorm hulle ook deel van die heilige Skrif. Hoe het Paulus hierdie brief afgesluit, wat het hy geskryf, en watter waarhede word daarin gevind vir ons wat nie net erfgename van Paulus is nie, maar inderdaad ook van ons Protestantse voorvaders?

\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 30 Desember.

## Swak in die geloof

In Romeine 14:1–3 behels die vraagstuk die eet van vleis wat dalk aan afgode geoffer kon gewees het. Die Jerusalem raadsvergadering (*Hand. 15*) het besluit dat heidense bekeerlinge hulself moes onthou van sulke voedsel. Maar, daar was steeds die vraag of vleis wat by openbare markte te koop was, dalk afkomstig kon wees van diere wat aan afgode geoffer was (*sien I Korinthiërs 10:25*). Dit het sommige Christene glad nie gepla nie; ander weer, indien daar die geringste twyfel bestaan het, het hulle verkies om liever groente te eet. Die vraagstuk het niks met vegetarisme en gesonde leefstyl te doen gehad nie. Nog minder impliseer Paulus in hierdie Skrifgedeelte dat die verskil tussen rein en onrein vleis afgeskaf was. Dit is nie die besprekingspunt nie. Indien die woorde “dat ‘n mens alles mag eet” (*Rom. 14:2*) aanvaar word as dat enige dier, rein of andersins, nou maar geëet kan word, word dit verkeerd toegepas. Deur dit met ander Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament te vergelyk, word so ‘n toepassing duidelik teengestaan. Intussen sê Paulus, “neem hom aan wat swak is in die geloof”, wat beteken dat so ‘n persoon volle lidmaatskap en sosiale status moes ontvang het. Daar mag nie met die persoon geargumenteer geword het nie, en die persoon het die reg gehad op sy of haar besluit wat gemaak was.

### **Watter beginsel behoort ons dan uit Romeine 14:1-3 te neem?**

---

Dit is ook belangrik om te beseef dat in Romeine 14:3 Paulus nie negatief praat oor die een in Romeine 14:1 wat “swak is in die geloof” nie. Hy gee ook nie raad aan die persoon oor hoe om sterk te word nie. Wat God betref, word die baie eng Christen (wat blykbaar as te nougeset veroordeel word, nie deur God nie, maar deur sy of haar mede-Christene), aanvaar. “God het hom aangeneem.” (*Rom. 14:3*)

### **Hoe beklemtoon Romeine 14:4 dit waarna ons nou net gekyk het?**

---

Alhoewel dit vir ons nodig is om die beginsels in vandag se les in gedagte te hou, is daar nie tye wanneer, en plekke waar, dit nodig is om in te gryp en ons oordeel uit te spreek nie, indien nie oor die innerlike van ‘n persoon nie, maar ten minste oor sy of haar handeling? Moet ons terugstaan en niks sê of doen in elke situasie? Jesaja 56:10 beskryf sulkes as “stomme honde wat nie kan blaf nie”. Hoe kan ons weet wanneer om te praat en wanneer om stil te bly? Hoe handhaaf ons die balans hier?

## Voor die regterstoel van Christus

**Lees Romeine 14:10. Watter rede gee Paulus hier aan ons om versigtig te wees voordat ons andere veroordeel?**

---

Ons neig om andere soms baie hard te veroordeel, en baiekeer vir dieselfde dinge wat ons ook doen. En dikwels beskou ons dit wat ons doen nie so sleg soos wanneer ander dieselfde ding doen nie. Ons mag onself deur ons skynheiligheid mislei, maar nie God nie. Hy waarsku ons: “Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word, en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk, in jou eie oog is die balk!” (Matt. 7:1–4)

**Wat beteken die aanhaling uit die Ou Testament wat Paulus hier gebruik?**

**Rom. 14:11**

---

Die aanhaling uit Jesaja 45:23 steun die gedagte dat almal voor die regterstoel sal moet verskyn. “Elke knie” en “elke tong” individueer die uitspraak. Die implikasie is dat elkeen vir sy eie lewe en dade sal moet getuig (Rom. 14:12). Geeneen kan namens die ander antwoord nie. In hierdie belangrik sin is ons nie ons broer se oppasser nie.

**Deur die konteks in gedagte hou, hoe verstaan jy wat Paulus in Romeine 14:14 sê?**

---

Die onderwerp behels nog steeds voedsel wat aan afgode geoffer was. Die kwessie is baie duidelik nie die onderskeid tussen rein en onrein kos nie. Paulus sê dat daar niks uiteraard verkeerd is met die eet van voedsel wat dalk aan afgode geoffer was nie. Weliswaar, wat is ‘n afgod in elk geval? Dit is niks (sien I Kor. 8:4), so wat maak dit saak as een of ander heiden die voedsel aan ‘n beeld of padda of bul toegewy het? ‘n Persoon moet nie gedwing word om sy of haar gewete te oortree nie, selfs indien die gewete baie sensitief is. Hierdie feit het die “sterk” broeders blykbaar nie verstaan nie. Hulle het die nougesetheid van die “swak” broeders veroordeel en sodoende hindernisse of struikelblokke in die swakkes se weg gelê.

**Kan jy dalk in jou ywer vir die Here in gevaar wees om te doen waarteen Paulus hier waarsku? Hoekom moet ons versigtig wees om nie ander mense se gewetes te probeer wees nie al is jou bedoelings ook al hoe goe?**

## Geen struikelblok nie

**Lees Romeine 14:15–23 (sien ook I Korinthiërs 8:12, 13). Gebruik die lyne hieronder en maak ‘n opsomming van die hoofsaak van wat Paulus hier sê. Watter beginsel kan ons uit hierdie gedeelte neem wat ons op elke gebied van ons lewe kan toepas?**

---

---

In Romeine 14:17–20 plaas Paulus verskeie aspekte van Christelikheid in die regte perspektief. Alhoewel dieet belangrik is, moet Christene nie argumenteer oor sommige mense wat verkies om groente in plaas van vleis wat dalk aan afgode geoffer kon gewees het, te eet nie. Hulle behoort meer te fokus op geregtigheid, vrede en vreugde in die Heilige Gees. Hoe kan hierdie beginsel oor dieet in vandag se dae in ons kerk toegepas word? Hoeveel die gesondheidsboodskap en veral opleiding daarin ook al vir ons voordelig kan wees, stem almal nie daarmee saam nie, en dus moet ons daardie verskille respekteer.

**In Romeine 14:22, te midde van al die gepraat om mense aan hulle eie gewete oor te laat, voeg Paulus ‘n baie interessante waarskuwing by: “Gelukkig is hy wat homself nie oordeel in wat hy vir geoorloof ag nie”. Watter waarskuwing gee Paulus hier? Hoe belanseer dit met die res wat hy, in konteks, sê?**

---

---

Het jy al gehoor hoe iemand sê, “Dit het niks met enigeen te doen wat ek eet of wat ek aantrek nie, of watter soort vermaak ek by betrokke raak nie”? Is dit so? Nie een van ons leef in ‘n vakuum nie. Ons aksies, woorde, dade, en selfs ons dieet kan ander raak, óf ten goede óf ten kwade. Dis nie moeilik om dit raak te sien nie. Indien iemand wat na jou opsien, sien jy doen iets “verkeerd”, kan hy of sy deur jou voorbeeld beïnvloed word om dieselfde ding te doen. Ons mislei onself deur dit nie so in te sien nie. Deur te redeneer dat jy nie die persoon gedwing het om jou voorbeeld na te volg nie, is nie van toepassing nie. Ons as Christene het verantwoordelikhede teenoor mekaar, en as ons voorbeeld iemand kan laat struikel, is ons strafbaar.

**Watter soort voorbeeld stel jy? Sou jy gerus voel as ander mense, veral jong mense en nuwe gelowiges, jou voorbeeld op alle gebiede volg? Wat sê jou antwoord oor jou?**

## Die inagneming van dae

In hierdie week se bespreking oor die veroordeling van ander wat dinge anders insien as ons, en om nie 'n struikelblok vir ander deur ons optrede te wees nie, verwys Paulus na die kwessie van spesiale dae wat deur sommige in ag geneem word en ander wat dit nie doen nie.

**Lees Romeine 14:4–10. Hoe moet ons verstaan wat Paulus hier sê? Sê dit iets oor die vierde gebod? Indien nie, hoekom nie?**

---

Van watter dae praat Paulus hier? Was daar 'n geskil in die vroeë kerk oor die viering of nie-viering van sekere dae? Blykbaar was daar. Ons kry 'n wenk van so 'n strydpunt in Galásiërs 4:9, 10, waar Paulus met die Christene in Galásië raas omdat hulle “dae en maande en tye en jare [waarneem]”. Soos ons in Les 2 gesien het, het sommige in die kerk die Galásiërs oorreed om besny te word en om ander voorskrifte van die wet van Moses na te kom. Paulus was bang dat hierdie idees ook die kerk in Rome skade sou aandoen. Maar in Rome was dit die Joodse Christene wat dit baie moeilik gevind het om hulself te oorreed om nie meer die Joodse feestye te vier nie. Paulus sê hier: Doen soos dit jou pas in hierdie saak; wat belangrik is, is om hulle wat hierdie saak anders as jy sien, nie te veroordeel nie. Blykbaar het sommige van hierdie Christene, om aan die veilige kant te wees, besluit om een of meer van die Joodse feesdae te vier. Paulus se raad is: laat hulle dit doen as hulle oortuig is dat hulle dit moet doen.

Om die weeklikse Sabbat deel te maak van Romeine 14:5, soos sommige dit doen, is ongeoorloof. Kan jy jou indink dat Paulus so 'n swak gesindheid teenoor die vierde gebod sou inneem? Soos wat ons deur die kwartaal gesien het, het Paulus gehoorsaamheid aan die wet sterk beklemtoon; so hy sou sekerlik nie die Sabbatgebod in dieselfde kategorie geplaas het van mense wat veroordelend opgetree het teenoor hulle mede-Christene wat voedsel geëet het wat dalk aan afgode geoffer was. Hoe algemeen hierdie teksverse ook al as 'n voorbeeld gebruik word om te bewys dat die sewende dag as Sabbat nie meer bindend is nie, is dit nie waaroor dit gaan nie. Hierdie gebruik is een van die beste voorbeelde van dit waarteen Petrus gewaarsku het wat mense met Paulus se geskifte sou maak: “net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf” (*II Pet. 3:16*).

**Hoe ondervind jy die Sabbat? Het jy tot nou toe die seën ontvang wat vir jou bedoel was? Watter veranderinge kan jy maak om wat die Here met die Sabbat aan jou belowe, meer ten volle te ondervind?**

---

## Die laaste woorde

**Lees Romeine 15:1–3. Watter belangrike Christelike waarheid word in hierdie verse gevind?**

---

**Op watter manier sluit hierdie verse so baie in van wat dit beteken om ‘n volgeling van Jesus te wees?**

---

**Watter ander verse leer hierdie selfde gedagte? Wat uiters belangrik is, hoe kan jy self hierdie beginsel in jou lewe toepas?**

---

**Watter verskeidenheid seënwense het Paulus in sy slotwoorde geuit?**  
*Rom. 15:5, 6, 13, 33*

---

Die “God van lydsaamheid” verwys na die God wat Sy kinders help om onwrikbaar aan te hou. Die woord vir “lydsaamheid”, hupomone, beteken “sterkte,” “onwrikbare verduring”. Die woord vir “bemoediging” kan as “aanmoediging” vertaal word. Die God van bemoediging is die God wat aanmoedig. Die God van hoop is die God wat hoop aan die mensdom gegee het. Eweneens, die God van vrede is die God wat vrede gee en in wie ons vrede kan hê.

**Na verskeie persoonlike groete en wense, hoe sluit Paulus hierdie brief af?**  
*Rom. 16:25–27*

---

Paulus sluit hierdie brief met ‘n glorieryke lofbetuiging aan God af. God is die een op wie die Romeinse Christene, en alle Christene, rustig kan vertrou omdat hulle as verlore seuns en dogters van God deur geloof geregverdig is en nou deur die Gees van God gelei word. Ons weet dat Paulus deur die Here geïnspireer was om hierdie brief vir ‘n spesifieke situasie op ‘n spesifieke tyd te skryf. Waarvan ons nie weet nie is wat die Here aan Paulus oor die toekoms openbaar het. Ja, Paulus het van die “afval” wat sou kom, geweet (*II Thess. 2:3*), alhoewel die teksvers nie aandui hoeveel hy geweet het nie. Kortliks, ons weet nie of Paulus enigsins geweet het van die rol wat hy en sy geskifte, veral hierdie brief, sou speel tydens die slottonele van die wêreld nie. In een opsig maak dit nie saak nie. Wat saak maak, is dat Protestantisme uit hierdie teksverse gebore was, en in hierdie verse het hulle wat daarna gestreef het, en hulle wat nog steeds daarna streef om getrou aan Jesus te bly, die skriftuurlike fondament [gehad] waarop hulle hul geloof en toewyding kon gebaseer het, selfs terwyl die wêreld “agter die dier” aangaan (*Openb. 13:3*).

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “*Unity and Love in the Church*,” bl. 477-478; “*Love for the Erring*,” bl. 604–606, in *Testimonies for the Church*, vol. 5; “*Helping the Tempted*,” bl. 166, in *Die Helende Hand*; bl. 719 in *The SDA Bible Commentary*, vol. 6. “Daar was aan my die gevaar getoon dat God se volk na Broeder en Suster White sou opsien en dink dat hulle met hul laste kan kom en raad van hulle vra. Dit moenie so wees nie. Hulle word deur hulle medelydende, liefdevolle Verlosser genooi om na Hom te kom wanneer hulle uitgeput en swaarbelas is, en Hy sal hulle rus gee. . . . Baie kom na ons toe met die vraag: Moet ek hierdie ding doen? Moet ek in daardie onderneming betrokke raak? Of, wat hulle kleredrag betref, moet ek hierdie of daardie klere dra? Ek antwoord hulle dan: Jy bely dat jy ‘n dissipel van Christus is. Gaan bestudeer jou Bybel. Lees versigtig en biddend die gedeeltes oor die lewe van ons dierbare Heiland toe Hy tussen die mense op die aarde gewandel het. Volg sy voorbeeld, en jy sal nie afdwaal van die nou weg nie. Ons weier volkome om jou gewete te wees. As ons vir jou presies sê wat om te doen, sal jy na ons kyk om jou te lei in plaas van om self direk na Jesus te gaan.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 2, bl. 118-119, (vrye vertaling). “Maar ons moet nie ons verantwoordelikheid op ander aflaai en wag dat hulle ons moet sê wat om te doen nie. Ons kan ons nie op die mens verlaat om raad nie. Die Here is net so bereid om ons pligte vir ons aan te dui as wat Hy iemand anders sal wys. . . . Wie besluit om niks hoegenaamd te doen wat God sal mishag nie, sal weet, nadat hulle hul saak aan Hom gestel het, watter rigting hulle moet inslaan.” — *Die Koning van die Eeue*, bl. 564. “Daar is altyd mense in die gemeente wat gedurig geneig is om hulle persoonlike onafhanklikheid te handhaaf. Dis asof hulle nie in staat is om te besef dat onafhanklikheid van gees geneig is om die menslike werktuig daartoe te lei dat hy te veel selfvertroue het en sy eie oordeel vertrou liever as om ‘n hoë agting te hê vir die raad en oordeel van sy broeders . . .” — *Die Handeling van die Apostels*, bl. 130.

## Vra vir bespreking:

**Deur na die temas van hierdie week te kyk, hoe vind ons as Christene die regte balans:**

- (a) deur getrou te wees waaraan ons glo, maar ander nie te veroordeel wat dinge anders as ons sien nie?
- (b) deur getrou aan ons eie gewetes te wees en nie te probeer om gewetes vir andere te wees nie, terwyl ons terselfdertyd probeer om hulle wat ons glo besig is om af te dwaal, te help? Wanneer praat ons en wanneer bly ons stil? Wanneer is ons strafbaar indien ons stilbly?
- (c) deur vry in die Here te wees en tog terselfdertyd ons verantwoordelikheid te besef om goeie voorbeelde vir diegene wat na ons opsien, te wees?

